oostvalleier
VILLAGE NEWS • OORDNUUS

**MEI 2OO5/ No. 4**

# HOERÊ DIS WINTER!

***Weliswaar nie almal se sug van verligting nie, maar dis miskien tyd om die saak nugter te benader, sodat die klakouse 'n verstandiger siening tot hierdie verruklike seisoen kry en hulle vrese kan oorkom.***

Dis belangrik om met wroeging terug te kyk op die pas afgelope somerseisoen met sy ongenadige, versengende son, wat geen ontsag het vir mens, dier en roomys nie. Dit wat nie gedreig het om aan dehidrasie te beswyk nie, het gesmelt.

Met die geringste uittoggie, vlug 'n mens smagtend die huis binne op soek na lafenis, net om te ontdek dis nie koeler binne as buite nie.

Waaiers se hulp is uiters beperk: As jy jou oorverhitte sisteem te na aan die louwarm lug waag, staan jy die volgende dag op met óf 'n stywe nek óf 'n lekneus.

Dis nou te sê ás jy lus het om op te staan. Want vroegoggend reeds hang die weerlose klein tinktinkies se bekkies wyd oop in hulle desperate soektog na koel lug en staan die son reg om elke vesel van jou liggaam binne te boor en jou energie tot op die droesem te tap.

Dan rangskik jy maar die stoele op so 'n manier in jou huis, dat jy die dag van stoel tot stoel kan deurbring, stadig, sodat jy nie te veel krag verspil nie en binne bereik bly van vog – enigiets: van water tot iets sterker, solank jy oorleef.

Dit wat betref die somer.

Maar dan, soos alle slegte dinge, kom dit ook genadiglik tot 'n einde en kan 'n mens die winter ligvoets en vreugdevol binnedartel.

Die dae word stelselmatig koeler en korter. Koeler, om die take wat in die somer agterweë gebly het weens 'n gebrek aan energie, nou met 'n kragtige poging in te haal. Korter, sodat 'n mens nie sukkel om die dag om te kry nie, want as jy jou oë uitvee, maak die donker saggies sy verskyning en wink die winteraktiwiteite jou na die heerlikheid van 'n kaggelvuurtjie of 'n snoesige verwarmer met 'n kombers gesellig om jou bene gevou.

Dit word tyd vir sop en sjerrie, serpe en stampmielies, komberse en kerse, jasse en jolyte – want uiteindelik is daar weer die lus om litte los te maak en 'n vastrap te dans – al is dit slegs op 'n stadige, **baie** stadige, *wals*passie.

Vir die meeste seniors bestaan daar wel 'n negatiewe benadering tot hierdie heerlike seisoen, want die kwinte en kwale kry mos maar kleintjies in die koue.

Maar wat is 'n pyntjie hier of 'n krampie daar, vergeleke by die uitstaande vreugde van wolkies te blaas as jy buite in die verfrissende koel lug uitstap; van kaggelvure wat koper-oranje knetter en kraak in die kaggel; van 'n knypie kerrie by die kos; die reuk uit die kombuis van bredies, pannekoek, kluitjies en kaneel; en daai lekker brandewynsousie oor die poeding - of wáároor ook al, solank dit warm maak en lekker smaak!

Nee, afkoel kan ek op geen manier afkoel in die somer nie. Maar warm, kan ek my warm maak in die winter.

Dis die naby-seisoen - ingehaak loop, styf teen mekaar sit, hande hou en kleingoed liefdevol op die skoot vertroetel.

En al is die luggie soms 'n bietjie geniepsig, dan sê ek elke keer weer: "Welkom, Wonderlike Winter!"

Want selfs met koue tone en verkluimde voete, kon die winter nog nooit daarin slaag om my hart te bevries nie.

# ♫♫ ONS GAAN ♫♫ KONSERT TOE

***Dis nie aldag se geleentheid nie en elkeen soek hulle kisklere uit om dit te vier. Swaai uit, soort van.***

Neem plek in, of dit nou in 'n konsert, 'n praatjie, of 'n kerkdiens is, ons is dáár en ons is rég vir die aanbieding.

So 'n kwartier nadat die funksie begin het en almal aandagtig luister, begin die eerste hoesie. 'n Winterhoesie - maar dis duidelik dat dieselfde hoesie nog laat in volgende herfs gehoes gaan word.

Na die sewentiende hoes, duik iemand in die tweede ry van voor af in haar handsak in en vroetel die vroetel van verlorenheid. Die handsak is diep en die soektog verbete. Maar uiteindelik kom die soeker triomfantlik met 'n suiglekkertjie in krakende selofaanpapier te voorskyn, wat mededeelsaam van ry tot ry aangestuur word.

Alle aandag is van die spreker af en almal volg gespanne die roete van die lekkertjie met die krakende papiertjie, totdat dit tien rye verder by die kuggende persoon beland. Daar volg 'n tien minute lange gekraak van selofaanpapier, totdat die lekkertjie sy finale bestemming tussen tong en verhemelte bereik en die kuggie verstil.

Die aandag van die gehoor verskuif terug na die spreker, wat intussen aangekondig het dat 'n solo gesing sal word.

Iemand verder agtertoe in die gehoor voel daar is 'n trek op sy nek en hy beduie in 'n luide stem dat hy nie hier kan bly sit as hy môre nog wil lewe nie. Iemand moet die venster toemaak - en nóú!

Dit skuifel en vroetel en die venster klap. Almal kyk om Teen die tyd dat orde herstel is, is die solo gelewer en die gehoor ontstig, sonder dat iemand dit kon waardeer.

Omdat ons seniors is, skuld die wêreld ons niks nie. Ons skuld die wêreld wel iets: om ons goeie maniere te alle tye te behou en ons medemens te respekteer deur ons stigtelik in 'n gehoor te gedra. Slegs so kan ons 'n voorbeeld vir die jonger geslag wees en dieselfde van hulle verwag.

# "U OPROEP IS VIR ONS BELANGRIK!"

***Hóé belangrik? Want as 'n mens glo wat die afgelope paar jaar reeds verkondig word, dat telefoondienste vir almal in Suid-Afrika meer bekostigbaar gemaak gaan word, rym dit nie met die bevinding van onlangse navorsing deur SA Stigting nie:***

- 'n Gewone oproep in spitstyd het van 1997 tot 2005 met 316 % gestyg
- Plaaslike oproepe in spitstyd is 200% duurder as in ander lande
- SA se ADLS-diens vir ondernemings is 9x duurder as die goedkoopste en 139 % duurder as die gemiddelde prys
- Vir internetverskaffers betaal SA 45 % meer as die gemiddelde
- Die koste vanaf 'n selfoon na 'n vastelynfoon in spitstyd is 23x duurder as die goedkoopste en 107 % duurder as die gemiddelde
- 70 % van nuwe telefoonlyne wat in hierdie tyd deur Telkom geïnstalleer is, is sedertdien gediskonnekteer

Die vraag ontstaan waar OKASA, wat die laaste sê oor Telkom se prysverhogings het, in die prentjie pas. Hoe is dit moontlik dat hierdie tipe verhogings deurgegaan het?

Teen hierdie kostes gemeet, is die volgende wat 'n mens daagliks hoor, net nie aanvaarbaar nie: "Goeiedag. Dankie vir u oproep. U het nou net die kantoor van So-en-So en Vennote bereik. Ons konsultante is op die oomblik almal besig. U oproep is vir ons belangrik. Sodra iemand beskikbaar is, sal aandag aan u oproep geskenk word...."

Word die verbruiker nie blatant uitgebuit nie? Hoe word sulke kostes geregverdig? Hoe is Telkom van 'n openbare korporasie in 'n genoteerde maatskappy met winsbejag as enigste doel, omskep? Hoe lank gaan dit nog sloer voor 'n tweede vastelynnetwerk gevestig word? Wanneer gaan die owerheid na sy mense op grondvlak begin omsien?

Dit is tyd dat die regering bewys dat die oproep van die gewone mense wél vir hulle belangrik is.

*Ina Wilken in Die **Wêreld** 1 Mei 2005*

# Renewal of Firearms

**Don't get caught in the crossfire – be on the right side of the law!**

The renewal of existing firearm licences involves, amongst other requirements, the following:

- The successful completion of the prescribed test of the knowledge of the act at an accredited training provider. On receipt of the training certificate, application must be made for a competency certificate
- You may simultaneously apply for the renewal of your existing firearm licence(s) during the following renewal periods, according to birth dates:

| **Birthday** | **Renewal date** |
|---|---|
| 01 Jan – 31 March | 01/01/05 - 31/12/05 |
| 01 Apr – 30 Jun | 01/01/06 –31/12/06 |
| 01 Jul - 30 Sept | 01/01/07 –31/12/07 |
| 01 Oct - 31 Dec | 01/01/08 –31/12/08 |

- You must take with you the following documentation to the Designated Firearms Officer at the police station nearest to your usual place of residence:
    - Your original official identity document
    - Original firearm licence(s), permit or authorization for firearms you wish to renew
    - Original competency certificate (if already issued)
    - Two unobscured passport size colour photographs, not older than three months

**For full details on renewal of existing as well as new firearms licences, consult the Firearms Control Act 2000 (Act no 60 of 2000) available at the Admin Office. Also about unwanted licenced firearms.**

<u>NUMBERS TO KNOW</u>
SAPS National Firearms Centre:
Tel. – (012) 353 6111
Fax - (012) 353 6036
SAPS Emergency no – 10111
SAPS Crime Stop – 086 10111
SAPS website – www.saps.gov.za

# IF........

If you can start a day without caffeine
If you can always be cheerful, despite aches and pains
If you can resist complaining and being boring
If you can eat the same food every day and be thankful for it
If you can understand when loved ones are too busy to spend time with you
If you can overlook when people take you for granted
If you can take criticism and blame without resentment
If you can conquer tension without medical help
If you can relax without alcohol
If you can sleep soundly at night -
Then you are most likely the family dog.

*Contributed by Frances Nel*

# OOPS!

Some bright brains at work in the examination room:

*Byron wrote epics and swam the Hellespont. In between het made love drastically.*

*The Gorgons were three sisters that lived in the islands of the Hesperides somewhere in the Indian Ocean. They had longsnakes for hair, tusks for teeth and claws for nails, and they looked like women, only more horrible.*

Correct: "The toast was drank in silence"
*The toast was eat in silence.*

*Mixed metaphor means putting the wrong halves of proverbs together, such as, "Too many cooks make and ill wind" or "A spoilt broth blows nobody good."*

Describe the figure of speech or artifice of style used in the following: 'The child is father of the man.'
*This was written by Shakespeare. He often made this kind of mistake.*

## ⓘ HET JY GEWEET? ⓘ

Die Noord-Kaap beslaan die grootste oppervlakte, maar het die kleinste bevolking. Die bevolkingsdigtheid van Gauteng en Kwazulu-Natal is ook heelwat groter as in die ander provinsies.

| Prov. | Area % | Bevolking % | Bevolking '000 000 |
|---|---|---|---|
| O-Kaap | 13.9 | 15.2 | 7.01 |
| Vrystaat | 10.6 | 6.3 | 2.95 |
| Gauteng | 1.4 | 19.0 | 8.85 |
| KZN | 7.6 | 20.7 | 9.67 |
| Mp'langa | 6.5 | 7.0 | 3.24 |
| N-Kaap | 29.7 | 1.9 | 0.90 |
| Limpopo | 10.2 | 11.9 | 5.51 |
| N-Wes | 9.5 | 8.2 | 3.81 |
| W-Kaap | 10.6 | 9.8 | 4.57 |
| **Totaal** | **100.0** | **100.0** | **46.59** |

*Bronne: Statistiek SA, Buro vir Marknavorsing van UNISA en AMPS 2004*

# KAAS IS BAAS!

***Jy hou van jou happie kaas? Hier is 'n paar feite wat muise lááánkal ken:***

Kaas word beoordeel volgens smaak en aroma, volheid en tekstuur, afwerking en voorkoms.
Die wêreld se gewildste kaas is cheddar, gekenmerk deur 'n gladde, harde tekstuur, wat nie krummel of buig nie.
Die ronde gate in sommige kaassoorte soos gouda, maasdammer, emmental en gruyere, word gevorm tydens 'n gekontroleerde proses, wanneer bakterieë wat op melksuur leef, koolsuurgas vrystel wat deel vorm van die kaas se smaakprofiel.
Ronde gate in kase soos cheddar en mozarella, dui op 'n defek in die kaas.
Kaas haal heel tyd asem en moet dus nie saam met sterk gegeurde kos gebêre of styf toegedraai word nie – liefs in waspapier of foelie.

*Inligting verskaf deur Agri-Expo*

# SLEGS VIR VROUE

***Ons vroue weet al lankal dat mans van Mars af kom. Die volgende "reëls" wat hulle opgestel het, bevestig dit net weer. Almal is NO. 1 gemerk!***

1 Saterdag = sport. Aanvaar dit soos volmaan of die getye van die see
1 Waar moontlik, vra asb. dit wat jy wil vra tydens advertensieonderbrekings
1 Inkopies is **nie** 'n sportsoort nie
1 Vra wanneer jy iets wil hê. Subtiele/sterk/ooglopende/flou skimpe werk nie een nie. Vra net!
1 "Ja" en "Nee" is aanvaarbare antwoorde op feitlik enige vraag
1 Kom na ons toe as jy jou probleem opgelos wil hê. Dit is wat óns doen. Simpatie is wat jou vriendínne jou gee
1 'n Hoofpyn wat maande duur, is 'n mediese probleem. Gaan dokter toe
1 Niks wat ons langer as 7 dae (soms selfs 7 jaar!) terug gesê het, is meer geldig in nuwe argumente nie
1 As jy dink jy is vet, **is** jy waarskynlik. Moenie vir ons vra nie
1 As iets wat ons gesê het op twee maniere geïnterpreteer kan word en een van die maniere krap jou om, dan het ons die ander een bedoel
1 As ons vra wat fout is en jy sê "niks", sal ons optree asof niks fout is nie
1 As jy 'n vraag vra waarop jy nie 'n antwoord verwag nie, verwag dan 'n antwoord wat jy nie verwag nie
1 Leer om met die toiletbankie te werk. As dit opgeslaan is, slaan dit af. Jy hoor ons nie kla as dit afgeslaan is nie
1 Jy kan ons óf vra om iets te doen, óf sê hoe jy dit gedoen wil hê. Nie albei nie. As jy reeds weet wat die beste manier is om dit te doen, doen dit self
1 Moenie vra waaraan ons dink nie, tensy jy wil gesels oor sport, seks of motors
1 Jy lyk wondelik in enige ding wat jy aantrek
1 Jy het genoeg klere
1 Jy het te veel skoene
1 Ons doen genoeg oefening. Loop is oefening

**What men commonly call their fate is mostly only their own foolishness.**

*Schopenhaer*

# BRIEWEBUS

**Aggi Muller - Huis 53**

*Toe my kleinseun 'n tyd gelede my motor skoongemaak het, het hy agter die agterste sitplek 'n horlosie gevind, wat waarskynlik aan iemand in die Oord behoort, wat op 'n keer saam met my iewers heen gery het. So 'n persoon wat 'n horlosie vermis, kan by my in Huis 53 kom kyk, as hulle dink dit behoort aan hulle.*

**Theo Boelema – Huis 93**

DIT IS OOSTVALLEI

Die Hollanders staan bekend om hul oorwinning en beheer van water.
Maar dit gebeur so nou en dan dat 'n individuele Hollander se waterwerke probleme gee.
En so beland ek in die hospitaal. Ek het dit nie rugbaar gemaak nie, want daar is mense met groter probleme in hierdie plek. Maar ek het vergeet van die "bush telegraph", of is dit die bosvelddrom.
Sit ek eindelik weer vir die eerste keer op my eie stoep, toe kom daar 'n delegasie; wie anders as Aggi en Margret, met 'n verskeidenheid uitsoekvrugte en die beste wense van die Bestuur, alle Oostvalleiers, en hulle persoonlike wenskaartjies.
Ons bly nou ruim twee jaar in Oostvallei en ons is bly met ons keuse.
Waar kry mens nog so 'n plek!
AAN ALMAL, BAIE DANKIE.
MARGRET EN AGGI, VIELEN DANK!

**Grobbie – Huis 34**

Vir elke blyk van belangstelling, gebede, bystand en hulp die afgelope paar maande, wil ek net met groot opregtheid my innige dank betuig.
Die liefde van my familie en vriende was vir my die onontbeerlike steun en krag op my pad na herstel.
Lof aan die Groot Geneesheer!

**Hansie de Beer – Huis 64**

Dankie......dankie
...aan almal wat geskakel het, besoeke gebring en kaartjies gestuur het om my sterkte toe te wens met my skoueroperasie. Baie dankie vir die vrugteruiker via ons twee Moeder Theresa's, Aggi en Margret en hul glimlagte. Ek voel sommer al weer "fighting fit", alhoewel ek maar meesal die onderspit delf hier by die huis. Teenoor 'n liefdevolle en helpende vroulief.... vir jou sommer groot dankie, Lief!

**Idelette Henning – Huis 6**

Aan die Bestuurskomitee en Mede-inwoners, baie dankie vir julle blyk van meegevoel, die kaartjie en pragtige blommetjies, met die afsterwe van my suster.
En natuurlik vir Aggi en Margret wat, getrou aan hulle roeping, dit vir my gebring het.
Alhoewel ek nou alleen agterbly van sewe kinders, is ek dankbaar dat sy nou verlos is van 'n langdurige siekte (Alzheimers).

**Namens die Bestuur en inwoners wil die Redaksie almal wat ongesteld is, 'n spoedige herstel en veral geduld met die genesingsproses toewens. Ook aan inwoners wat die afgelope tyd naasbestaandes verloor het, bid ons vertroosting en berusting toe.**

# DIE HART VAN 'N VROU

***Met Moedersdag pas agter die rug en die fokus op die vrou, is die wyse woorde van 'n ou Zoeloe- spoorsnyer seker baie van pas:***

*"'n Vrou se hart moet soos gras wees, wat altyd groei, al is dit afgevreet.*
*Dit moet soos 'n fontein wees wat vuilgetrap word, maar weer helder word.*
*Dit moet wees soos die rooidag, wat elke oggend die donker nag oorwin."*

Ontdek jou vrouwees; of dit nou seer oomblikke is wat trane in jou oë bring, of gelukkige oomblikke wat jou hart van vreugde laat bokspring.

*Ingestuur deur Cassie Jonck*

♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥♥

## TOET-TOET, BUSSIERYERS!

Beide nuwe, sowel as ou inwoners, moet hulself daarvan vergewis dat die roete wat die bussie volg, deur die Bestuur vasgelê is, na konsultasie met die persone wat van die bussie gebruik maak. Geen opdragte of versoeke mag aan die busbestuurder gegee word om individuele sendings of afsprake na te kom nie.
Die bestuurder se dienste is wel beskikbaar vir private doeleindes, soos in die Huisreëls uiteengesit, maar dan teen vergoeding en per vooraf reëling met die kantoor.

*Toe John Milton sy* Lucifer *geskryf het, het hy vir alle tye vir ons 'n waarskuwing voorgehou van die intense selfsug wat daar in ons almal skuil: so erg dat ons eerder heerser van die hel sal wees as 'n dienaar in die hemel.*

*Samuel Coleridge Taylor*

# 'N BANGMAAKSTORIE

***Volgens "SPREEKWOORDE en waar hulle vandaan kom" van Anton F Prinsloo, dateer die oorsprong van die uitdrukking*** **'Antjie Somers'** ***(iemand om kinders mee bang te maak) uit die middel 1880's:***
Die vroegste bekende verwysing na Antjie Somers verskyn op 10 Augustus 1866 in *The Friend* in Bloemfontein. Hier word vermeld dat Antjie Somers tydens die bewind van lord Charles Somerset 'n berugte Kaapse struikrower was, wat vroueklere aangetrek en snags mense op pad huis toe voorgelê het.
In die onveilige 18e en 19e eeu het die historiese figuur geleidelik 'n legende in die Afrikaanse volksoorlewering geword. Die oorspronklike struikrowerverhaal het vervaag en nuwe stories is vertel om kinders skrik te maak, byvoorbeeld dat Antjie Somers – 'n man vermom in vroueklere en met 'n afskrikwekkende uiterlike – stout kinders wat alleen of ontydig buite speel, of nie wil gaan slaap nie, sal kom haal.

*Bydrae: Nixie Pieterse*

## ⓘ HET JY GEWEET? ⓘ

Blankes het in 1960 oor 69.4 % van die persoonlike beskikbare inkomste, met 'n per kapita inkomste van R981 per jaar, beskik. Teen 2000 het hulle aandeel afgeneem tot 44% van die beskikbare persoonlike inkomste met 'n jaarlikse per kapita van R50 804.

**Per kapita inkomste per jaar**

| | 1960 | 1980 | 2000 |
|---|---|---|---|
| Swartes | R 84 | R 578 | R 7 567 |
| Kleurlinge | R152 | R1 097 | R12 690 |
| Indiërs | R176 | R1 619 | R25 541 |
| Blankes | R981 | R5 249 | R50 804 |

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

## THE BIRDS IN OUR GARDEN (2)

***I am quite sure you all have seen the little sunbirds flitting between all the strelitzias that are now in bloom.***

The strelitzias (bird-of-paradise or crane flower) are themselves a lovely sight' especially with the early morning or lat afternoon sun shining through the orang petals. But what makes them even more spectacular, are our sunbirds, puncturing the base of the flowers with their sharp beaks and sipping the nectar.

I have seen two different kinds of sunbirds here in Oostvallei, but South Africa actually boasts 20 different kinds in all.

The bigger of the two sunbirds that we have here, is the Amethyst (Black) Sunbird (Swartsuikerbekkie).

It is about the size of a sparrow and at first glance appears blavk, but at close range or in the brilliant sunlight, one sees that it has an iredescent green cap, an iredescent violet-red throat and quite a long, curved beak.

The other sunbird is the White-bellied Sunbird (Witpenssuikerbekkie), which is more difficult to see, as it is much smaller than the Amethyst Sunbird, and has the capacity to fly very quickly from spot to spot. If you are lucky, however, this little male sunbird does sit and sing for a long period from a prominent perch. It has a clear white belly, whilst the rest of the bird is covered with lovely iridescent blue-green feathers and also has a curved beak.

These sunbirds are found in pairs, but the females, unlike their human counterparts, are rather drab and insignificant. They are, however, really good mothers: during the nesting period they hatch the eggs for 15-17 days and are fed by the males. They do not attch themselves to a particular area, but fly high and far for sources of nectar and little insects, which they also eat.

A sunbird can fly 300 metres high and the first colour they spot is orange. When they see orange flowers, they will go down and feed and then enjoy any other nectar-rich flowers in the vicinity before they move on again.

Oostvallei is fortunate to have a wealth of nectar for these little birds, not forgetting the masses of golden shower blooms found here.

Try and locate the little birds' call: zit...zit or tschiek...tschiek and it will lead you to where they are feeding.
Happy birding!

Elizabeth Gevers

## HOE ROOIER HOE MOOIER

Elke keer as ek Oostvallei se rooi bussie in die dorp gewaar, kom daar so 'n warm gevoel van "home sweet home" in my hart.

Twee keer per week, wanneer sommige gereelde passasiers aanstap na die vertrekpunt, kry ek hoeka so lus om ook in te klim!

Onlangs maak ek toe so. Ja, gerief was dit beslis en 'n voorreg, met die vriendelike en behulpsame Joseph aan die stuur. Geen hoofbrekens oor die verkeer en parkering nie, niks van die nare gevoel "Ek moet nou mooi onthou waar ek parkeer", of "Sal my kar nog hier wees as ek wil huis toe ry?" nie. Daar word opgemerk dat Joseph hier en daar afwyk van die gewone bekende roete en toe hy daarna gevra word, was sy antwoord dat hy sodoende die baie spoedhobbels wil vermy ter wille van die gerief van die passasiers. Baie bedagsaam van hom, dink ek. Hy is reg – daar is baie van die "goeie" goed. Nouja...

Dit was heerlik om sonder 'n hoofpyn tuis te kom!

Estelle de Waal

## OUDERDOM SE VOET

**Oudword is verpligtend, grootword is opsioneel (veral vir mans!)**
**Vergeet die gesondheidskosse – Jy't alle preserveermiddels nodig.**
**Tyd mag 'n groot heler wees – dis egter 'n slegte mooimaker.**
**Wysheid kom met ouderdom, maar soms kom die ouderdom alleen.**
**Jy is oud: as jy dieselfde gevoel kry in 'n rystoel wat jy voorheen in 'n "roller coaster" gekry het, of,**
**as jy val en dan sommer rondkyk wat jy nog kan doen terwyl jy daar lê.**

***Uit: Hospis Nuusbrief***